# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

21/2026 (Skippertjie nr. 71) 12 Junie 2026

## IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Geen skool op 15 en 16 Junie
2. Skool sluit op 26 Junie om 10:30
3. Rapporte en oueraand
4. Skoolbywoning
5. Buitemuurse aktiwiteite
6. Skooltye tydens die toetsreeks
7. Redenaars
8. Buite aktiwiteite
9. Personeelverjaardae
10. Skoolfonds vir 2026

***"Fairness is protecting not only you, but all who are involved."***

**Afrikaanse idioom van die week**

**Om oop kaarte te speel**

*Om absoluut eerlik en openlik met iemand te wees.*

**2026 SKOOLKWARTALE**

**2de:** 8 April – 26 Junie

**3de:** 21 Julie – 23 September

**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

**Regverdigheid:** Ons is steeds besig met ons waarde van regverdigheid. 'n vorige keer het ek gesê dat die kleur oranje aan hierdie waarde gekoppel word omdat dit 'n mens moet laat dink aan die skyfies van 'n lemoen. Om die beeld van die lemoen verder te gebruik: 'n Lemoen bestaan ook uit 'n skil wat die verskillende skyfies beskerm. Regverdigheid is soos die skil van die lemoen wat ons teen verkeerde optrede beskerm. Dit beskerm ons teen ons eie verkeerde optrede deurdat ons nie ander mense reg behandel nie en sorg dat ons dieselfde regverdige optrede teenoor alle mense handhaaf. Wanneer ons regverdig optree, beskerm ons dus mekaar. Ons beskerm mense in verskillende situasies, bv. mense wat in nood verkeer, wat geboelie word of wat seerkry. As jy slegs mense beskerm wat naby aan jou is omdat hulle vir jou belangrik is of iets kan beteken, maar nie sekere ander nie, omdat jy nie van hulle hou nie of jy hulle nie belangrik genoeg ag nie, dan tree jy oor die algemeen nie regverdig op nie. Deur byvoorbeeld slegs sekere mense te groet of net met mense wat iets vir jou kan beteken vriendelik te wees, is nie regverdig nie. Kinders leer van kleins af wat regverdigheid is wanneer hulle byvoorbeeld speel en beurte gee vir maats of net sekeres laat saamspeel. Dink bietjie aan jou optrede elke dag. Ons as volwassenes moet ook oop karate met onsself speel: Tree ons oor die algemeen regverdig teenoor alle mense in alle situasies op of hanteer ons situasies waaroor ons ongelukkig is net uit ons eie selektiewe perspektief, sonder om die ware feite of omstandighede te probeer verstaan? Geniet die langnaweek en sterkte vir die laaste paar weke.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. Geen skool op 15 en 16 Junie**

Let asb. daarop dat daar geen skool op Maandag, 15 Junie (skole vakansiedag) en Dinsdag, 16 Junie (Jeugdag) is nie. Die skool hervat weer op Woensdag, 17 Junie soos normaal.

**2. Skool sluit Vrydag, 26 Junie om 10:30**

Die skool sluit Vrydag, 26 Junie om 10:30 vir die wintervakansie. Die skool open weer na afloop van die vakansie op d.v. Dinsdag, 21 Julie om 07:30 vir alle leerders.

**3. Rapporte en oueraand**

**Alle leerders ontvang hul rapporte vir die tweede kwartaal op Donderdag, 25 Junie. Die tweede kwartaal se oueraand vind ook op dieselfde dag vanaf 17:00 – 18:30 plaas.**

U is welkom om die personeel te kom besoek in verband met u kind se akademiese vordering, indien u dit nodig ag. In sekere gevalle, waar daar groot akademiese- of ander uitvalle is, sal ouers versoek word om met die personeel kontak te maak.

# Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za

## VOLGENDE 2 WEKE SE PROGRAM

Ma, 15 Jun: Geen skool(Skoolvakansiedag)
Di, 16 Jun: Geen skool (Jeugdag)
Wo, 17 Jun: Toetsreeks: Engels Gr 4-7
Tennis: Eden-mini 4
Do, 18 Jun: Toetsreeks: Gesk. Gr 4-6
Wiskunde Gr 7
Rugby: o.12-streekproewe
Vr, 19 Jun: Toetsreeks: Gesk. Gr 7
Sa, 20 Jun: SWD o.13-pettefunksie
Ma, 22 Jun: Algemene kennis eksamen
Di, 23 Jun: o.13A Hokkie vs Oakhill
Wo, 24 Jun: Wow-spelfees
Netbal: o.12 Aloe Cup (J'Baai)
Netbal: o.11A/B v Stellenbosch
Do, 25 Jun: Rapporte uit
Entrepreneursdag (Gr 3 en 5)
Ouerаand (17:00 – 18:30)
Rugby: o.13 oefenkamp
Netbal: o.12 Aloe Cup (J'Baai)
Vr, 26 Jun: Skool sluit 10:30
Rugby: o.13 oefenkamp
Netbal: o.12 Aloe Cup (J'Baai)

## BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**4. Skoolbywoning**

Die toetsreeks vir graad 4-7 leerders eindig op Vrydag, 19 Junie. **Leerders moet steeds na afloop van die toetsreeks skool toe kom, aangesien die vraestelle en ander belangrike werk behandel en afgehandel word.**

**5. Buitemuurse aktiwiteite**

Let asb. daarop dat, weens die assesseringstyd, geen buitemuurse aktiwiteite meer plaasvind nie, behalwe vir enkele senior spanne wat gaan oefen, bv. toerspanne. Afrigters sal self oefentye met hierdie spanne kommunikeer. Hierdie reëling geld tot aan die einde van die kwartaal.

**6. Skooltye tydens die toetsreeks**

Die skooltye vanaf Maandag, 8 Junie tot aan die einde van die kwartaal is as volg:

- **Graad RRR – R: 07:30 – 12:15**
- **Graad 1 – 3: 07:30 – 13:00**
- **Graad 4 – 7: 07:30 – 13:00**

100% Parkies

**7. Redenaars**

Baie geluk aan Jana Kruger wat 'n eerste plek behaal het tydens die Suidoos-Kaap rondte van die gesogte ATKV-redenaarskompetisie. Sy dring daarmee deur na die landswye finaal wat later van jaar te Klein-Kariba gaan plaasvind. Mooi so!

**8. Buite aktiwiteite**

**Dans:** Tydens die Mosselbaai Eisteddfod het die volgende leerders goed gevaar in verskeie dansitems: Emma Havenga (A++ en A+); Ava du Plessis – (2 x A); Heinrich Langner – (A++ en A+); Aryana Nel – (2 x A++, A+ en A); Mianke Kirsten – (2 x A++, A+ en A); Liebe Venter – (2 x A++); Amy Lombard – (2 x A++ en (A); Mienke Stander – Acro groep (2 x A++ en A+); Storm du Toit – (11 x A++ en 2 x A+); Jenna Douglas (2 x A++ en A+ en Hoë goud vir Solo Acro in die Talent Africa kompetisie).
Aryana, Mianke, Liebe, Amy, Mienke en Storm het ook hul danseksamens van die Dance Academy of South Africa en Theatre Dance Association almal afgelê en met onderskeiding geslaag. Baie geluk!
Kuns: Bea Kuhl het tydens die Wes Kaap ConSpirito kunstefees die volgende punte behaal: Grys potlood 92% - A++, Oliepastelle 88% - A+ en Gemengde medium 95% - A+++. Mooi so

**9. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 14 Junie: Juanique Swanepoel
- 17 Junie: Hannelor van der Walt
- 22 Junie: Ethan Baird

**10. Skoolfonds vir 2026**

**Maak asb. seker dat alle skoolfonds betaal is. Oorhandigings van agterstallige rekeninge gaan aan die einde van die kwartaal gedoen word.** Skoolfonds vir 2026 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



**NB: Gebruik asb. die skool se nuwe bankbesonderhede *(sien die blokkie langsaan)***

Geen Skippertjie volgende week
Laaste Skippertjie vir die kwartaal – 26 Junie

Heiderand Mall

THE SHOPPING EXPERIENCE YOU DESERVE

www.heiderandmall.co.za

# THE PERFECT GIFT

## AVAILABLE FROM OUR CENTRE MANAGEMENT OFFICE





NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST
ONTSPAN JOU KIND VOOR 'N SKERM?
Jou kind (en jy!) ontspan, maar nie die oë nie...
In 'n digitale wêreld betaal ons oë die prys.
Onderliggende visuele probleme kan vinnig die prys van skermtyd opjaag.
Niek Harteveld Oogkundiges weet hoe skerms ontwikkelende oë beïnvloed.
ONS KAN HELP - BOEK 'N OOGTOETS
SKAKEL ONS
Lizanne Schmidt
Oogkundige
044 695 1688
066 562 6754
19 Ryk Tulbach str, Da Nova

# PRIVAAT ATLETIEK AFRIGTING

VANAF 1 JULIE : GRAAD 3-12

PRESTIGE ATHLETICS

## NAELOPE EN HEKKIES


MARNA VAN ZYL

083 4994 229





### EEN VD VOLGENDE

AFHANGEND VD DAG SE PROGRAM

- HARTENBOS SKOOL
- TRAPPE BY AMFI TEATER
- BULTE BY HARTENBOS STRAND
- SAND - SPRONGE BY HARTENBOS LAGOON
- BAYVIEW OUTDOOR GYM

### KOSTE PER MAAND

- VOL PAKKET R700 PER MAAND (4 DAE PER WEEK)
- HALWE PAKKET R500 PER MAAND ( MINDER AS 4 DAE PER WEEK)

### 15:30 -17:30

MAANDAE
DINSDAE
WOENSDAE
DONDERDAE

VANAF SEPTEMBER: GRAAD 1 & 2 KIDS

BEGIN MET NAELOPE

# NEVER GIVE UP


Randa Sport
083 390 8000
fb Randa Cycle and Run
Mossel Bay
Jou Hokkie Vennoot!
*Hokkie stokke
*Gloves
*Grips
*Shinguards
*Balls
*Keyrings
*Bags
GRYPHON
15 %
Afslag
vir alle
Parkies !!
UNDER ARMOUR
BROOKS
Marsh Straat 43
( langs OK Minimark)


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK
NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar

# THIS HOLIDAY YOU'RE INVITED!

# HOLIDAY CLUB 2026



**Tuesday 30 June – Friday 3 July**

**08:00 – 12:15 (Doors open at 07:30)**

**R70 per day/R250 per week per child**

**Grade R – 7 (Ages 6 – 13)**

**At New Life Church**

**To book your spot WhatsApp 076 644 2018 or use the QR code:**

HOME

NEW LIFE CHURCH